MEI / JUNIE 2018

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)*

# JAPANSENDING

## Geroep om te Dien

# WARE VRYHEID

"Tydens my grootwordjare in Noord-Korea kan ek nie een keer onthou dat my ouers of hulle rondom my vir my gesê het dat hulle my liefhet nie," het Chun gedeel. "Aan my is oor en oor vertel dat die Kimfamilie wat die regeerders was, my liefhet.

My vroegste kinderherinneringe was dat ek altyd honger was. Kos was baie skaars en die swaarkry was moeilik om te hanteer. Dit het 'n hoë fisieke en emosionele tol van my geëis. Namate ek ouer geword het, het ek tye onthou wat ek alles sou opgee vir slegs een bord kos.

My vader het vir die regering gewerk en toe ek nege jaar oud was, is hy deur die owerheid weggeneem en het ek hom nooit weer gesien nie. As gevolg daarvan is ons gesin gekritiseer, verfoei en vermy. Ek is gereeld geterg en geboelie.



Terwyl ek grootgeword het, was ek onderworpe aan streng reëls, geleer om die Kimfamilie te eerbiedig en van my is verwag om absolute onderdanigheid aan die Kommunistiese Party te betoon. Ek het gevoel asof my hart leeg was en my siel is gedryf tot op die rand van die dood. Dit is hoekom ek besluit het om uit my land te vlug.

In 2008 het ek my ma, sibbe, familie en vriende agtergelaat, want ek het geweet dit gaan 'n baie gevaarlike reis wees. Dit het ingesluit dat ek die Tumenrivier moes oorsteek na Sjina. Ek het van die oomblik dat ek in die rivier ingegaan het, geweet dat die Koreaanse soldate my as 'n verraaier en 'n misdadiger sou behandel.

As ek in Sjina gevang word, kon ek gearresteer word en teruggestuur word na Noord-Korea. Dan sou nie net ek nie, maar ook my familie gestraf word en gedwing word om ondraaglike lyding en moontlike teregstelling in die gesig te staar.

Nadat ek die grens oorgesteek het na Sjina het ek my verkoop aan 'n agent wat my vertel het dat hy my kon help om na Suid-Korea te gaan. Ek het 'n taamlike sirkelroete gevolg en die meeste van die pad geloop, terwyl ek elke dag lewensgevaarlike situasies in die gesig gestaar het.

Ek het uiteindelik 'n maand later Suid-Korea bereik. Daar het ek vir die eerste keer ondervind hoe dit voel om geliefd te wees, om waardigheid te hê en vryheid te ervaar. Die Suid-Koreaanse regering het my van 'n plek om te bly en geld voorsien, sodat ek 'n nuwe lewe kon begin. Ek is oorweldig deur die oorvloed voedsel en die vermoë om vrylik dinge te kon kies.

In Suid-Korea het niemand my dopgehou nie en het ek baie tyd alleen deurgebring, derhalwe het ek gesukkel om aan hierdie vryheid gewoond te raak. In Noord-Korea was ek gedwing om lang ure te werk en was ek voortdurend onder bewaking, deurdat vreemdelinge ons gereeld besoek het om ons dop te hou. As ek sou waag om ongehoorsaam te wees, het ek geweet dat ek erge straf of verseker die dood in die gesig sou staar.

Al was die Suid-Koreaanse samelewing vry, het dit nie my hart gekalmeer nie wat steeds gebreinspoel was deur die diktatorskap waaronder ek gebore is. Ek was deurmekaar en onder groot emosionele stres. Ek het my familie gemis en baie eensaam gevoel.

As ek gedink het aan my familie wat gely het onder wrede diktatorskap was dit swaar om my woede te beheer. Ek het intens skuldig en spyt gevoel omdat ek ontsnap het en hulle agtergelaat het. Ek het begin nagmerries kry en my eetlus verloor.

Alhoewel Suid-Korea my omhels het, het ek nie vry gevoel nie. Ek het miserabel en emosioneel geskend gevoel deur die breinspoeling. Die pyn was so diep dat ek gevoel het my hart is besig om dood te gaan. Ek was desperaat in my behoefte om my siel te laat herleef.

Om my honger en dors te bevredig, het ek besluit om 'n Christenkamp by te woon. Dit is waar ek besef het daar is 'n ander vryheid en troos wat kom deur ons Hemelse Vader te ken. Matt. 5:4 sê, ***'Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word.'***

Op die derde dag van daardie kamp het die pastoor gepraat oor vergifnis. Ek het nog nooit in my hele lewe gehuil of uitgeroep vir hulp nie, maar daardie dag, vir die eerste keer ooit, het ek tot God geroep in 'n harde stem. ***O God, my pa is gestuur na 'n konsentrasiekamp toe ek nege was. As gevolg daarvan was ek en my sibbe verstoot, geboelie en het baie gely. Ek is van my vrou geskei en hulle het my suster en my neefs en niggies na 'n konsentrasiekamp geneem. God, hoe kan U vir my sê ek moet hierdie mense vergewe?*** Ek het alles uitgeroep en ineengekrimp van sielesmart. ***Vader God, verduidelik dit asseblief aan my!***

By die kamp het ek die eerste keer sedert ek nege jaar oud was, gehuil. Nadat ek gehuil het soveel as wat ek nodig gehad het, het ek uiteindelik vrede in my hart gevoel. Op daardie dag het ek die troos van die Heilige Gees vir die eerste keer in my lewe gekry.

God het toe met my gepraat deur 'n paar Bybelverse wat ek nog nooit tevore gelees het nie: ***'Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld'*** (Rom. 12:19). ***'Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word'*** (Matt. 6:33).

Ek het besluit om alles aan God oor te laat en het Jesus Christus as Here van my lewe aanvaar. Ek het uiteindelik vryheid, vreugde en vervulling in my lewe gevind. Ek het besef dat ware vryheid was om God se geskenk van die ewige lewe te ontvang, 'n burger van die hemel te word en in sy teenwoordigheid te lewe. Ek het nooit weer nagmerries gehad nie.

Ek het uitgevind dat Christenskap nie net 'n godsdiens is nie, maar die Waarheid self en Jesus Christus het alles vir my geword." ***'Julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak'*** (Joh. 8:32).

Chun is later wonderbaarlik met sy vrou verenig en dien nou die Here deur ander afvalliges te help om troos in Hom te vind.

*Chun se naam is verander en sekere besonderhede is uitgelaat om sodoende sy identiteit te beskerm.*

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**

**POSBUS 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - “BID VIR ONS”**

- **Bybels en Leesstof**
- **Studente Uitreiking**
- **Bejaardes Uitreiking**
- **Evangelisasie Byeenkomste**
- **Oudiovisuele Uitreiking**
- **Hospitaal Evangelisasie**
- **Engelse Evangelisasie**

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**■ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie ’n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal ’n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**■ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 21/2/2018, 28/2, 2/3, 5/3, 16/3, 20/3, 22/3, 3/4, 5/4, 16/4.**

**ABSA BANK:- 23/2 Moorreesburg, 26/2, 28/2 Bybels, 1/3, 2/3, 3/3, 4/3, 9/3 George Bybels, 10/3, 16/3, 18/3, 22/3, 1/4, 2/4 NLM, 3/4, 11/4/2018.**

**■ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. ’n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of ’n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

# FEITE OOR NOORD-KOREA

Die bevolking van Noord-Korea tel 25,570,692. Sommige berigte dui daarop dat daar ongeveer 500,000 Christene is. Ander organisasies se berigte dui op hoër getalle. Die waarheid is dat dit baie moeilik is om te bepaal hoeveel Christene daar in hierdie baie geheime en erg onderdrukte samelewing is.

Noord-Korea word beskou as die ***mees onderdrukte plek ter wêreld vir Christene***. Christene word beskou as imperialiste wat van plan is om die regering omver te werp. Diegene wat gevang word dat hulle hulle geloof uitleef, word gearresteer en somtyds doodgemaak.

’n Gewilde spreekwoord in Noord-Koreaanse kultuur is: ***Die mure het oë en die velde het ore.*** Christene doen alles in hulle vermoë om hulle geloof geheim te hou. Hulle beoefen hulle geloof dikwels in die donker en is baie versigtig teenoor die bure, vriende en familielede wat hulle sal verkla, aangesien die bevolking veronderstel is om mekaar dop te hou. Die meeste ouers weerhou hulle daarvan om hulle kinders aan Christenskap bekend te stel totdat hulle ouer is, om die gesin sodoende te beskerm. Ouers wat dapper genoeg is om hulle geloof met hulle kinders of uitgebreide familie te deel, vergader in donker kamers van hulle huise, waar hulle alleenlik hulle gebede en gesange kan fluister. Hulle Bybels is dikwels uitgeskeurde bladsye om sodoende ***die Bybel*** te verbloem.

Noord-Koreane word soms toestemming gegee om Sjina te besoek, waar party toegang kry tot Bybels en Christelike literatuur, wat teruggesmokkel word op hulle eie verantwoordelikheid.

Vanaf die laat 19de eeu tot en met die Koreaanse Oorlog was Noord-Korea ’n Christenvesting - en Pyongyang is gesien as die Jerusalem van die Ooste. Ten spyte van die pogings om die Christendom uit te roei, word berig dat die kerk in Noord-Korea in werklikheid groei. Slegs God is magtig genoeg om ’n deurbraak te maak deur die donkerte van die mees onderdrukte regime op aarde. ***Bid asseblief*** vir die Christene van Noord-Korea.

# UITREIK NA NOORD-KOREA

Alhoewel die primêre fokus van Japansending is om Japannese mense te evangeliseer, het die Here ons ook gelei om die mees kritieke nood van ander nasies in Oos-Asië aan te spreek. Een projek waarin ons sterk betrokke is, is die druk en verspreiding van Bybels vir Sjina en ander dele van die wêreld.

***’n Ander lewensbelangrike uitreiking waarin die Here Japansending gelei het om by betrokke te raak, is om die behoeftige mense van Noord-Korea te help.*** Ons ondersteun tans Christenwerkers wat betrokke is in die volgende projekte:

**1. Mannaprojek** -- Elke paar maande word ballonne in die nag opgestuur wat voedsel, mediese voorraad, CD’s, USB’s, traktaatjies en dele van die Bybel soontoe neem. ***Bid*** dat baie aangeraak sal word deur die Woord van God wanneer hulle die ballonne vind.

**2. Noord-Koreaanse Reddingsending** -- Vlugtelinge wat die grens van Noord-Korea oorsteek na Sjina vrees gedurig dat hulle gearresteer en gerepatrieer sal word. Reddingswerkers voorsien onmiddellike bystand aan sulke vlugtelinge. ***Bid*** vir die vlugtelinge en reddingswerkers wat verskeie gevare moet trotseer.

**3. Hervestigingshulp** -- Emosionele en kulturele bystand word verleen aan Noord-Koreaanse vlugtelinge wat in Suid-Korea arriveer deur hulle te help om aan te pas by die lewe deur berading, toevlugsoorde en Bybelstudies. Baie het die Here gevind deur hierdie uitreiking nadat hulle Suid-Korea binnegegaan het.

**4. Weeshuis** -- Hulle help om die desperate behoeftes van die Sjinese-Koreaanse weeskinders aan te spreek wat in Sjina gebore is en hulle moeders verloor het deurdat hulle gedeporteer, doodgemaak of hulle kinders weggegooi het. Weggegooide kinders word ingeneem en geakklimatiseer in die hoofstroom-samelewing. Hulle word ook voorsien van die geleentheid om regte as Sjinese burgers te verkry. ***Bid*** dat hierdie kinders troos sal vind in ons Groot Herder.

**5. Handelsending** -- Voorsien geestelike en finansiële ondersteuning vir predikante van die ondergrondse kerk in Noord-Korea. Dit verskaf ook tasbare materiaal vir die ontwikkeling van mikro-ondernemingshulp aan die gemeenskap. Dit help om die predikante in staat te stel om die omringende gemeenskap te beïnvloed vir Christus.

**6. Voorraadhulpbediening** -- Noord-Koreaanse Christene wat Sjinese skuilings besoek, help om voedsel, klere, mediese voorraad en multimedia-apparaat wat die Woord van God bevat na Noord-Korea te vervoer. ***Bid*** vir seën en beskerming vir daardie mense wat God se Woord insmokkel.